Die Hoërskool Wonderboom

Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

GROEI en DIEN

# Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 1 Maart 2019

## 1. LIEF EN LEED:

Ons wens me. Mariette Fourie (Berader) sterkte toe met die herstel na 'n operasie. Let asseblief daarop dat me. Anchen de Jager by die skool beskikbaar is vir enige hulp. U kan haar gerus kontak.

## 2. JUNIOR STADSRAAD VERTEENWOORDIGER:

Baie geluk aan Jana van der Merwe wat verkies is tot Die Hoërskool Wonderboom se Graad 10-verteenwoordiger op die Junior Stadsraad.



## 3. INTERHUIS - SWEM :

Baie geluk aan die swemspan wat tydens die Swem Interhoër baie mooi presteer het. Die skool verbeter met drie posisies en eindig in die algehele 5de plek uit nege skole. Geluk ook aan die volgende swemmers:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Ivan Ludick | Brons medalje | Seuns 0/16 | 100m Vryslag |
| 2. | Leané Pretorius | Brons medalje | Dogters 0/17 | 50m Borsslag |
| | | Silwer medalje | | 100m Vryslag |
| 3. | Lieze Boettger | Brons medalje | Dogters 0/17 | 50m Vlinderslag |
| | | Silwer medalje | | 100m Vryslag |
| 4. | Anke Ludick | Silwer medalje | Dogters 0/15 | 50m Borsslag |
| 5. | Johan Coetzee<br>Xavier Prinsloo<br>Divan Schmahl<br>Dané Cory | Brons medalje | Seuns 0/14 | 200m Vryslag aflos |
| 6. | Leané Pretorius<br>Lieze Boettger<br>Anisha Ootshuizen<br>Lize van der Merwe | Silwer medalje<br>Silwer medalje | Dogters 0/17<br>Dogters 0/17 | 200m Medley<br>200m Vryslag aflos |
| 7. | Tanika Michau<br>Anzé Vorster<br>Franché Smit<br>Shelby Visser | Silwer medalje | Dogters 0/19 | 200m Medley |
| 8. | Shelby Visser | Goue medalje | Dogters 0/19 | 50m Borsslag |

## 4. KLEURFEES:



Die jaarlikse **kleurfees** vind op 15 Maart 2019 plaas. Die koste vir die **kleurfees** is R100.00 p.p. wat die volgende insluit: Gewone klere, gratis ritte op die waterglybae en twee sakkies verfkleure op die dag van die **kleurfees**.

Let egter daarop dat die dag van die **kleurfees** begin met formele toetse wat plaasvind in alle grade. Leerders wat op die **kleurfees**-dag nie die toetse skryf nie, sal vir die formele assessering 'n 0-punt ontvang.

## 5. SKOOLGELDE:

Dankie aan al die ouers wat getrou hul skoolgelde betaal. Maak asseblief seker dat u die regte verwysingsnommer van die leerder (familiekode) gebruik tydens betalings. Die nommers het aan die begin van 2019 verander toe die finansiële afdeling na die D6-stelsel geskuif het. Indien u die D6-Connect toepassing aflaai, sal die korrekte verwysingsnommer aan u verskaf word. U kan dan van daar af ook alle betalings deur die *Cashless Wallet* doen. Indien u intussen u selfoonnommer verander het, moet u dit asseblief deurstuur na die skool om op die stelsel te verander (e-pos gerus na admin@wonnies.co.za), anders gaan u nie kan registreer op die kontantlose beursie nie. Dit beteken ook dat u huidiglik geen SMS of ander kommunikasie van die skool af ontvang nie.




## 6. LEERDERS WAT LAAT IS VIR SKOOL:




Die skoolklok lui 7:25 vir aantree en is dan vanaf 7:30 tot 14:00. Daar is egter steeds leerders wat daagliks en herhaaldelik laat is vir skool. Die skool se hekke word om 7:40 toegemaak. Leerders wat na 7:40 by die skool opdaag, word slegs toegelaat indien hulle deur hul ouers ingeteken word. Alle laatkommers ontvang 'n inskrywing wat gekoppel word aan negatiewe meriete-punte, net soos wat leerders wat laat kom vir klas, 'n inskrywings ontvang. Indien daar werklik 'n probleem was (bv. motorband wat gebars het), kan u as ouers 'n brief skryf ten einde die probleem te verduidelik.

## 7. ONWELKOME GAS - KOPLUISE:

Ongelukkig moet ons u as ouers bewus maak van die onwelkome gas, kopluise, wat teenwoordig is. Indien 'n leerder wel kopluise het, moet die leerder ongelukkig die skool verlaat totdat die probleem hanteer is, aangesien dit aansteeklik is. Ons vra dat elke ouer hul eie kinders se koppe sal ondersoek en die probleem, waar nodig, sal behandel.

## 8. WINTERSPORT:

Op Saterdag, 2 Maart, begin die wintersporte met 'n heerlike sportdag by die Hoërskool Warmbad. Die busse vertrek reeds 5:00 die oggend vanaf die skool en alle spelers moet asseblief reeds 4:45 op die busse wees. Die sportdag bied 'n geleentheid waar posisies verder uitgetoets kan word en leemtes identifiseer kan word, sodat ons reg kan wees vir die wintersport-seisoen.



M LEZAR
SKOOLHOOF